

Sing vooraf: Verkiesingsvergadering – Psalm 43:3 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 99:1, 3 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die géruubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 3 Loof Gods mag: Hy's reg / in sy oordeelsweg; / volke 't Hy gestraf, / Isr'els reg verskaf.
Loof, verhef die HEER, / werp jul voor Hom neer; / en laat al wat lewe / voor die Regter bewe!

Geloofsbelijdenis: Nicea

Na die wet antwoord ons met Psalm 130:3, 4 (p. 636)

Wet

Psalm 130:3, 4 (p. 636)

- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.
- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry
van ongeregthede. / Heer, doen ook so aan my!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 34:3 (p. 167)

- 3 Hul oog was op die HEER, / en – vreugde 't van hul uitgestraal;
nou wek by hul geen smaderstaal / 'n blos van skaamte meer.
Ellendiges maak Hy / wanneer hul in verdrukking kerm,
en niemand hom oor hul ontferm – / uit hul benoudheid vry.

Skriflesing: Psalm 115

Teks: Psalm 115; Kategismus Sondag 10

God bestaan onsigbaar. Maar dit laat ons nie twyfel aan sy bestaan nie.

- Sonder dat Hy gesien word, oefen Hy mag uit oor alles wat bestaan.
- Hierteenoor staan afgode met monde wat nie kan praat nie, en met hande wat geen vermoëns het nie.
- En ook menslike filosofieë en denkrigtings wat uiters tydelik bestaan.

Dis hierdie verskil wat deur die Psalmdigter besing word: Die almag van die God van die hemele teenoor die nietigheid van die afgode.

- Die heidene het vir die digter gevra: Waar is jou God?
- Toe antwoord hy terug met verontwaardiging: Ons God is tog in die hemel en Hy doen alles wat Hom behaag.

Die Bybel beklemtoon hierdie feit dat ons God lewe, want dit staan in vers 9, 10 en 11.

Israel, vertrou op die HERE: Hy is hulle hulp en hulle skild! Huis van Aäron, vertrou op die HERE: Hy is hulle hulp en hulle skild! Julie wat die HERE vrees, vertrou op die HERE: Hy is hulle hulp en hulle skild. (Psalm 115:9-11 AFR1953)

Hy is ons Hulp en ons Skild.

- Dit beteken dat God onder alle omstandighede vir ons voorsien.
- Die raad van God is só beplan dat daar altyd hulp en raad vir die kinders van God is.

In ons belydenis praat ons van die voorsienigheid van God só:

- Ons sê die voorsienigheid van God is in die eerste plek die onderhouding van en beplanning van God oor die hele wêreld, met alles wat lewe.
- Dit sluit ook die beskikking van plante en diere en alle stof in.
- Dit noem ons die algemene voorsienigheid.

Dan praat ons van die besondere voorsienigheid.

- Daarmee bedoel ons dit wat die Bybel ons leer dat die Here vir die mense meer in die besonder onderhouding verskaf as vir die res van die skepping.
- Die mense is trouens die enigstes wat as beeldraers geskape is.

En dan kry ons in die derde plek die allerbesondere voorsienigheid.

- Dit beteken dat daar onder die mense ook weer onderskeid gemaak word, en dat die Here vir die uitverkorenes die beste beplan van al die mense.
- Hulle staan uiteindelik almal in sy ewige koninkryk.

Ons belydenis praat in Sondag 10 van al hierdie wyses van voorsienigheid. Dit gaan hier oor die volle raad van God. Maar dit beklemtoon 'n baie belangrike feit:

- God regeer nie onpersoonlik oor die hemel en die aarde nie.
- Hy regeer nie by toeval nie.
 - Daar is nie iets soos toeval nie.
 - Alle dinge gebeur soos wat God dit beplan.
- So sorg God ook persoonlik vir ons.

Alle verhoudinge, en alle toestande – goed en sleg – is soos wat God dit wil en beplan het.

- Dit is die genade van God se verbond: Hy sorg nie net vir die wêreld nie; Hy sorg ook in die wêreld vir ons.
- Met groot liefde en ontferming versorg Hy ons.

Selfs in die oomblikke van die grootste gevaar verloor God ons nie uit die oog nie.

- Hy bly ons Hulp en Skild – om die Psalmdigter se woorde te gebruik.

- Ons Hulp omdat dit juis Hy is wat help en voorsien in ons nood.
- Ons Skild omdat Hy die gevaar van ons afweer.

Die Here doen alles wat Hom behaag.

- Ons God is almagtig en sy krag is alomteenwoordig.
- Daar is geen plek waar die krag van God nie kan kom nie.
- Daar is ook geen weerstand wat Hy nie kan afbreek nie.

Dis hoe dit moontlik is dat die voorsienigheid van die Here vir die gelowiges tot skild en hulp is. Hy onderhou die hele skepping met hierdie goddelike wysheid van sy raad.

Verder verkondig die voorsienigheid van die Here ook sy eer. Dit is tot heerlijkheid van sy Naam dat lower, gras en die natuur aan God se raad gehoorsaam is.

Die saak spreek ons aan op hierdie punt, want ons doen baie keer sonde.

- Hoeveel keer loën ons nie die almag en genade van die Here nie!
- Ons bely in ons geloofsbelydenis dat niks per toeval gebeur nie, maar in ons geselskap praat ons baie van dinge wat toevallig gebeur.

Dit beteken dat ons loën dat die Here elke dinge beplan het – al doen ons dit onskuldig in ons taalgebruik, soos ons dit noem.

- Dit ontken die almag van God en by 'n ware gelowige mag daar nooit 'n oomblik wees waarin die heerlijkheid en almag van God uit sy gesigsveld gaan nie.
- As ons praat van dinge wat toevallig gebeur, dan maak ons van die Here 'n halfmagtige wat net soms oor sekere dinge beskikking het.
- In ons tyd is dit van besondere belang dat ons vir ons eie versterking moet let op die feit dat die Here in besonder voorsien vir sy kerk – sy volk.

Vers 10 vertel dat die Here 'n Hulp en 'n Skild is vir dié wat op Hom vertrou, en vers 11 dat Hy dit is **vir dié wat Hom vrees**.

Dié wat die Here ken en vrees en vertrou op sy wil en voorsienigheid, weet dat daar selfs in die donkerste tye wat kom, vir hulle besondere genade geskenk word.

- Ons is tog vrygekoop in Jesus Christus en in Hom is hierdie beloftes van die voorsienigheid en die raad van God bewys en vervul.
- Ons behoort nou nog deur sy bloed aan God.
- Waarom sal ons dan twyfel dat God in die besonder met ons bemoeienis maak?

By die Here ontvang ons nie genade volgens ons stand of rykdom nie. Hy seën dié wat glo.

- Daarom moet ons in voorspoed dankbaar wees.
- In voorspoed verskaf Hy sy bewaring en seën.
- Dit is die duidelikste openbaring van sy liefde.

Maar ook in ons teëspoed is ons steeds onder die genadige beskerming van God.

- Kyk maar terug in ons lewens: ons kom tog eindelijk ongeskonde uit elke stryd.
- Daarom moet ons in die tyd van beproewing geduld aan die dag lê en nie teen die wil van God opstandig raak nie.

God bly onder elke omstandigheid ons Vader, wat nie anders wil as om 'n liefdevolle en beskermende Vader te wees nie.

- Daarom moet Hy ook met sy raad en voorsienigheid in ons lewens ingryp.

- Die Here se opvoedingswerk met ons is maar presies soos wat ons aardse ouers se opvoeding is met ons kinders.
 - Alles is nie elke dag net vreugde nie.
 - Soms moet ons tot die smarte van tug oorgaan om hulle te skool en op te voed.

So ook met ons hemelse Vader. Sy wil bepaal ook ons beproewinge.

- Elke beproewing word tot in die fynste besonderheid deur die raad van die Here vasgestel, en so gebeur die dinge dan ook.
- Elke gelowige se sake word ook deur God afsonderlik vasgestel.
- Vir geeneen gaan die beproewinge buite sy vermoë nie.
- Elkeen se lewenstryd word gemeet aan die kragte wat God hom gee.
- So behoed die Vader elkeen van ons.

Die voorsienigheid van God beskik ook oor ons wanneer ons dwaal en God verlaat.

- Wanneer ons godsdiens verslap, is dit die Here wat ons behou en ons terugbeweeg na Hom toe.
- Die raad van die Here staan so vas dat ons nooit onder die genade van God kan uitbeweeg nie.
- Dit is 'n geweldige troos!

Hierdie raad van die Here bepaal ook dat ons bid vir ons behoeftes, en dat ons gebede verhoor word.

- Daarom behoort daar van ons kant alleen die grootste dankbaarheid te wees vir die almagtige krag van ons Vader wat ons te alle tye goed en reg regeer,
- en vir hierdie genadige voorsienigheid wat tot ons verlossing is.

Ons moet deur hierdie leer van die voorsienigheid tot vertrouwe beweeg word.

- Ons moet dus alle vorms van kleingeloof aflê, en werklik geloofsproduktief lewe.
- Werk en glo tot eer van God, want in jou geloof en arbeid vervul Hy sy raad en rig Hy sy koninkryk op.

Kom ons lees saam wat ons belydenis hiervan leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 10:

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f).

(a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17. (d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).

(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

Dit maak nie saak wat ek doen, of waar ek dit doen nie. Solank dit net in 'n neerbuigende gehoorsaamheid is aan die raad en wil van God.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:1, 10 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

- 10 My goedertierenheid, hom altyd trou naby, / sal in die donker nag sy helder leidster bly.
My Naam sal vir hom wees 'n altyd sterke toring, / en in my krag swaai hy die hooggehewe horing.
Ek sal sy hand laat heers oor lande wydgeleë, / sy regterhand laat rus op stroomgebied en seë.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 16 Maart 2008